

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 11 May 2018
Page: 23

AVE: 23344.90
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Wenda Nel: 'Ek glo eindelik in myself'

**Wim Pretorius**

Genoeg getjommel, dis nou tyd om in haar vermoë te glo om een van die wêreld se voorste hekkiesatlete te word.

Só meen Wenda Nel, Suid-Afrika se bronsmedaljewenner in die 400 m-hekkies by die Statebondspele in Australië se Goudkus.

Dié Tukkie sal môre teen Dalilah Muhammad van die VSA, Janieve Russell van Jamaika en Sara Petersen van Denemarke te staan kom by die tweede byeenkoms van die Diamantliga-reeks, wat in Sjanghai, China, gehou word.

Dis geen geheim dat die Suid-Afrikaner op haar stukke sal moet wees indien sy op die podium wil staan nie, maar dat sy in die blokke sal sak met die nodige momentum, is ook nie altemit nie. Sy beklee tans die vierde plek op die 2018-ranglys, met 'n tyd van 54.61 sekondes. Die meeste topatlete betree egter nou eers hulle gewone seisoen.

"Jy kan sê dat ek nou volwasse in my sport is en ek het besluit dis hoog tyd dat ek begin glo in my vermoë as 'n hekkiesatleet," sê Nel.

Muhammad is die verdedigende Olimpiese kampioen en spog met 'n persoonlike beste tyd van 52.64. Russell is die nuwe Statebondkampioen en Petersen het in 2016 in Rio de Janeiro met die Olimpiese silwermedalje weggestap.

Nel se nuwe doelgerigtheid was vroeër vanjaar – by die SA byeenkoms – duidelik toe sy byna deur die o.18-wêreldkampioen en matrikulant aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Zeney van der Walt, geklop is.

Toe die atlete om die laaste draai gekom het, was Nel nog agter Van der Walt en kon sy eers ná die laaste paar hekkies die Affie verbysteek om in 55.01 te wen. Van der Walt was tweede in 55.05.

"Dit was een van die taaiste wedlope wat ek moes hardloop en ook een van die opwindendstes. Ek is gedwing om uit my gemaksone te kom," sê Nel.

"Ek was geneig om 'n fout te begaan of net op te gee. Dié keer kon ek fokus hou."

En die les wat sy by Tuks se L.C. de Villiers-stadion geleer het, was duidelik in die Goudkus in Australië waar sy ook diep moes delf om eindelik derde te eindig.




**Suid-Afrika se Wenda Nel sal môre in Sjanghai, China, 'n indruk wil maak in die 400 m-hekkies in die tweede ronde van die Diamantliga-reeks.** Foto: GALLO IMAGES

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.